

25 Junie

Psalm 1, (Teks: 1:1)

Ware geluk

Ware geluk is iets waarna ons almal hunker. Mense doen sekere dinge en maak opofferings in hulle strewe na geluk. Baie van sodanige pogings is egter futiel. Psalm 1 gee die resep vir ware geluk. Welgeluksalig (driedubbeld gelukkig) is die mens wat eerstens sekere dinge nie doen nie. Hy wandel nie in die raad van die goddelose nie, hy staan nie op die weg van die sondaars nie en sit nie in die kring van die spotters nie. Hierdie werkwoorde druk 'n agteruitgang uit. Eers loop jy nog, daarna gaan jy staan en dan sit jy saam met die goddelose. Die Psalm sê welgeluksalig is die mens wat hom nie ophou met die goddelose, die sondaars en die spotters nie. Die rede is voor die hand liggend: Hulle invloed op die gelowige kan fataal en tot sy verderf wees.

Veral ons jongmense moet lig loop vir dié afwaartse pad. Baie mense kom meteens as gevolg van een enkele groot sonde tot 'n val, maar baie meer kom stadig, trapsgewys, en daarom ook in die meeste gevalle onbewus, tot 'n geestelike val. Hulle word verblind; die gevoel en gewete word stelselmatig afgestomp.

Moenie met die sonde speel nie! Stry ten bloede teen die sonde: Dit is nooit te laat om op die sondaarsweg om te draai nie. U kan deur God se genade terug hardloop in die arms van u Hemelse Vader wat op u wag. Die bloed van Jesus Christus was u skoon van alle sondes. En u Vader sal u met oop arms ontvang en daar sal feestelikheid wees in die huisgesin van God waar julle sal aansit by die fees van die Vader.

Sing: Psalm 1:1

Ds. P. van Wyk (Lichtenburg)